e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

VOORBLAD

19 Augustus 2010

Jaargang 3 – Uitgawe 28

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Advertensies
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by **produksie@nhk.co.za**

Sending en volkskerk – my eie belewenis

Toe ek predikant in die Kerk geword het, is die sendingportefeulje gewoonlik aan jong dominees gegee. Wat die rede was, sou ek mettertyd agterkom. Niemand was juis daarvoor lus nie, en miskien sou 'n jonger predikant iets wou doen.

Aan die ander kant was my indruk dat dit nie regtig saak gemaak het nie, solank daar net in die destydse ABC-verslae iets gerapporteer kon word – al was dit skynaktiwiteite. In 'n volgende ring was dit min of meer dieselfde verloop.

In die ring van Klerksdorp het daar vir my 'n nuwe wêreld oopgegaan. Vir die eerste keer het ek entoesiasme bespeur in die persoon van ds Piet Botha wat reeds vir jare die sendingkomitee gelei het. Hy het in noue samewerking met ds Petrus Moleme verskeie kerkgeboue laat oprig met onder andere buitelandse befondsing. Daarby het 'n komitee wat hulself die *Gemeentes van Christus in KOSH* (KOSH staan vir Klerksdorp, Orkney, Stilfontein en Hartbeesfontein) noem, kwartaalliks vergader. Hierdie vergadering, bestaande uit afgevaardigdes van die wit en swart gemeentes, besin voortdurend hoe bystand verleen kan word aan die ontwikkeling van die MRCC in KOSH.

Sedert ds Botha emeritaat aanvaar het, het die mantel op my skouers geval, en ek moet sê dat dit 'n interessante leerkurwe is. Vroeg reeds het ek op uitnodiging spesiale eredienste moes bywoon wat my 'n vars kykie in die eendersheid asook die andersheid van ons twee Kerke laat kry het. Eenders, omdat 'n mens duidelik iets van 'n *Hervormde* etos kan waarneem en aanvoel. Die kerkraad dra formele en eenderse ampsdrag, die dominees dra hul togas, en op die oor af klink die prediking bekend, al verstaan jy nie die taal nie. Die andersheid lê in die sang. Die Afrikalywe wat ritmies en spontaan begin wieg as die noot ingesit word terwyl die lied in perfekte harmonie gesing word. Die enigste begeleiding is 'n soort klokomhulsel wat met 'n ysterstafie geklingel word, 'n fluitjie wat soms gebruik word en enkele erediensgangers wat kleinerige kussinkies in die een hand hou terwyl die ander hand ritmies daarop slaan. Die sang is aangrypend en meesleurend, en jy wonder onwillekeurig hoekom die sang in sommige van ons gemeentes so stram en onoortuigend is.

Enkele lidmate uit die NHKA het al hierdie spesiale eredienste bygewoon, terwyl lidmate uit die MRCC onlangs weer 'n aanddiens bygewoon het waar dr Gys Bos van Nederland gepreek het. 'n Koor van die MRCC Jouberton neem ook elke jaar aan die koorfees van ons gemeente deel. Hierdie soort meelewing by mekaar se aktiwiteite skep vertroue en duidelik ook begrip vir elkeen se eiesoortige kerkwees. Die wedersydse betrokkenheid geskied op uitnodiging en word hoog op prys gestel.

Dit laat my wonder oor die felle debat wat tans oor die woord *volkskerk* in Ordereël 4 woed én oor die vraag: *As daar net wit Afrikaanssprekendes in Suid-Afrika was, sou die woord volkskerk enigsins in die Kerkorde gestaan het en sou daar tans 'n debat daaroor gewoed het?* Dat die debat uit beide kampe oor 'n beginselsaak gaan, is nie altemit nie. Tog beleef ek in die praktyk hartlike buurmanskap en is daar by my geen vrees vir 'n stroom aansoeke (indien enige) om lidmaatskap uit geledere van die MRCC indien Ordereël 4 dalk sou verander nie. Daarvoor, ten spyte van enkele raakpunte, is die twee Kerke te eiesoortig.

Ds André Ungerer

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Beroep ontvang

- **Ds Stephan van Tonder** (beroepafwagtend) na Gobabis (deelsorg)

Vakante standplaas

- **Gemeente Sasolburg-Suid** se predikant het op Sondag 4 Julie emeritaat aanvaar. Die gemeente wil so gou moontlik die **vakante volsorgstandplaas** vul, en wag daarom aansoeke in van predikante wat tot 12 jaar ervaring in die bediening het. Daar sal van kandidate verwag word om, na indiening van die aansoek en CV met 'n kort beskrywing van persoonlike visie en vaardighede, in gesprek te tree met die beroepskomitee, die gemeente op 'n Sondag met sy/haar gade te besoek en die erediens te lei. Die kerkraad behou die reg om 'n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie.

  Sasolburg is in die Vaaldriehoek geleë en beskik oor goeie skole asook goeie universiteite in die omgewing.

  Aansoeke moet die gemeente **voor 5 September 2010** bereik. Rig aansoeke aan die skriba, Marinda Coleske, by Posbus 40, Sasolburg 1947, of per e-pos na **mccoleske@gmail.com**. Vir meer inligting, kontak die gemeentelike kerkkantoor by 016 973 2147 of 083 443 6904.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Ds Danie Erasmus** is die aand van 18 Augustus oorlede. Hy was 82 jaar oud. Ons innige simpatie gaan aan sy vrou, Corlia, en die res van die familie. 'n Erediens sal op Saterdag 21 Augustus om 11:00 in Gemeente Heilbron plaasvind en sal gelei word deur ds Nico Brayshaw.

- **Ds en mev Rudi Schoeman** is op Sondag 15 Augustus deur hul nuwe gemeente, **Theresapark**, ontvang. Ds Schoeman is deur prof Adriaan Pont in die amp bevestig. Ds Willie Roos, lidmaat van die gemeente, tans 90 jaar oud, het die verwelkoming gedoen sonder 'n enkele nota in sy hand. Die konsulent, ds Janine Bevolo-Manders, het namens die ring van Pretoria-Noord die Schoeman-egpaar in die gemeente en ring verwelkom. Die gemeente was sedert Februarie vakant, en ds Schoeman was die vierde predikant wat beroep is.

- **Die volgende predikante verjaar in die komende week,** en word hartlik geluk gewens.
  - Vrydag 20 Augustus: Ds Marike van der Merwe (beroepafwagtend)
  - Saterdag 21 Augustus: Ds Werner Mans (Turffontein)
  - Sondag 22 Augustus: Ds William Harmse (Alberton-Wes)
  - Dinsdag 24 Augustus: Prof Piet van der Merwe (emeritaat)
  - Woensdag 25 Augustus: Ds Johannes Barnard (beroepafwagtend)
  - Donderdag 26 Augustus: Di Chris le Roux (Stellenbosch/Worcester) en Joseph Steÿn (Postmasburg/Upington)
  - Vrydag 27 Augustus: Prof Johan Koekemoer (emeritaat)

- **Gemeente Germiston** het onder leiding van sy predikantspaar, **ds en mev Johan Ayres**, die afgelope paar jaar hard gewerk om die standplaas te wysig na volledige versorging. Die Ringskommissie en Moderamen steun die aansoek en die Kommissie van die AKV sal by hul vergadering op 2 September die aanbevelings finaal bekragtig. In hierdie tye waarin gemeentes hul standplase deur wysiging afskaal, is dit 'n besondere ligpunt in die Kerk. Die gemeente word gelukgewens met sy harde werk en seën toegebid op die pad vorentoe.

- Die Kommissie van die AKV het kennis geneem dat die gemeentes **Waterberg en Waterberg-Wes** samesprekings voer om weer tot een gemeente saam te smelt. Waterberg is vakant sedert die vertrek van ds Fanie Hoffman. Oral in die Kerk word aandag gegee aan terugstigting, samesmelting en samewerking, sodat kleiner gemeentes kan oorleef.

- Die laaste **agendas** vir die AKV word hierdie week by die **Kaapse gemeentes** besorg. Teen 25 Augustus behoort elke predikant en gemeente 'n agenda in die hand te hê. Indien dit nie die geval is nie, skakel met u ringskriba of voorsitter. U

kan ook met dr Fanie Pretorius of mev Karen Breedt by die Sinodale Kerkkantoor skakel. Enkele gemeentes in Pretoria se agendas is nog nie afgehaal nie. Baie dankie aan elkeen wat gehelp het om die agendas te versprei. Behalwe dat agendas nie verlore geraak het nie, het dit 'n besparing van minstens R40 000 teweeg gebring.

- **Predikante** kan M gevolg deur 'n ID-nommer (sonder spasies) na 32551 SMS om uit te vind of lidmate se huwelik geregistreer is. Of gaan op die internet na **www.home-affairs.gov.za/enquiry/get_status.asp** om dit na te gaan.

- **Ds David Barnard** het laat weet dat 'n sekere ds Mavundla wat voorgee dat hy 'n predikant van die ou HKSA (nou Maranatha Reformed Church of Christ – MRCC) is, predikante van die Hervormde Kerk skakel en geld vra. Dit gebeur al oor jare en dit mag moontlik dieselfde persoon wees. Verskillende predikante het al in die slaggat getrap. Indien u ooit deur 'n predikant van die MRCC (HKSA) genader word, skakel met ds Motloba (012 322 8885 x262) by die Sinodale Kerkkkantoor of met dr Wim Dreyer (012 322 8885 x263). Predikante moet dié persoon asseblief nie help nie. Nog geen predikant van die MRCC het al ooit hulp van predikante van die Kerk gevra nie.

- **Die proefpreekrooster** van die finalejaar teologiestudente is soos volg bepaal:

  - 12 September: Annezel Otto (Sionspoort)
  - 19 September: Yolandé Benadé (Pretoria-Oos) en Petrus Dreyer (Rietvallei)
  - 10 Oktober: Maritza Botha (Wonderboom) en Lisa-Mari Swanepoel (Montana)
  - 17 Oktober: Wouter van Wyk (Kempton Park-Oos) en Tiaan Loedolf (Philadelphia)
  - 24 Oktober: Pieter Rossouw (Bosmansrust)

  Proefpreke is deel van die proponentseksamen. Die ondervragingsgedeelte word in Februarie/Maart 2011 afgehandel nadat die praktiese opleidingsgedeelte vroeg in 2011 afgehandel is. Die **legitimasie en beroepbaarstelling** van die kandidate vind in **Maart 2011** plaas.

- Gemeentes moet asseblief daarop let dat stukke wat vir **bewaring** in aanmerking kom, ooreenkomstig die ***Riglyn vir gemeenteargiewe*** moet wees. Hierdie riglyn kan aangevra word van die Kerkargief by **argief@nhk.co.za**. Vir die **afdra van argiefstukke** moet vooraf met die argivaris, mnr Nándor Sarkady, reëlings getref word. Dit geld ook tydens die komende AKV. Afgevaardigdes word vriendelik versoek om vooraf reëlings met die argivaris te tref vir enige stukke wat ontvang moet word.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Bloemfontein-Wes: 20-22 Augustus**
  Viering van 40ste bestaansjaar
  Kontak die skriba, Santie Hamman, by 082 829 7468
  of die sekretariële beampte, Willemien Bloem, by 083 658 6753

- **Gemeente Newcastle: 8 tot 10 Oktober**
  Viering van 50ste bestaansjaar
  Kontak gemeente by **newcastle@nhk.co.za**

Konserte en dames- en mannebyeenkomste

- **Saterdag 21 Augustus: Gemeente Leeudoringstad oggendtee**
  Met Elsabé Aldrich en tema *Alice in Wonderland*
  R100 per persoon, sluit geskenkie en verversings in
  Kontak Thea van Rooyen by 018 581 3432 of 073 723 9883

- **Saterdag 21 Augustus: Gemeente Mafeking musiekaand**
  Mareetsane-boeresaal
  R200 per volwassene en R50 per laerskoolkind, sluit ete in
  Bespreek by Adri Dreyer (082 388 2615) of Magda Redelinghuys (082 825 1913)

- **Vrydag 27 Augustus: Gemeente Krugersdorp-Noord jaarlikse musiekfees**
  Kore, orreluitvoering, soliste en 'n instrumentele ensemble
  R50 per persoon
  Kontak ds Johan of Marita Fourie by 011 953 1402 of 072 278 1456

- **Vrydag 17 September: Gemeente Horison Roodepoort Lentedinee**
  Met gaskunstenaars Esté Pienaar en Aalwyn van Heerden
  Puik vermaak en heerlike driegangmaal vir slegs R120 per persoon
  of R1 000 vir 10-sitplektafel
  Bespreek by Annemarie Strydom (083 271 3091) of David Barnard (083 441 1789)

Sportbyeenkomste en -kompetisies

- **Gemeente Parkrand: Gholfdag Donderdag 9 September om 11:00**
  ERPM-gholfbaan in Boksburg
  Borge vir bof en setperke benodig teen R1 000 elk
  Kontak Dries by 082 906 09017
  of gemeentelike kerkkantoor by 011 896 3112 (09:00-13:00)

Ander kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Roedtan: Buffeljagkompetisie se wenners**
  1ste prys: Hans Terblanche, Pretoria
  2de Prys: Alet Coetzee, Roedtan
  Baie dankie vir almal se deelname!

- **Gemeente Mafeking: Vakansie-akkommodasiekompetisie**
  Trekking 28 Augustus
  R50 per kaartjie
  1ste prys: 3 nagte verblyf vir 8 by Botsalano Game Reserve
  2de prys: 3 nagte verblyf vir 4 by Bloemhofdam
  Kontak Johan of Rika de Klerk by 082 552 0237 of 079 526 1443
  of Magda Redelinghuys by 082 789 1523

- **Gemeente Bloemfontein: Drienasies Saterdag 4 September**
  (Bokke teen Australië)
  Teen donasie van R3 000 (waarde R10 000, insluitend groot fotocollage)
  Wen 10 sitplekke in ’n semi-losie op losievlak
  Sluitingsdatum **20 Augustus** om 09:00, wenner hoor om 09:30
  Kontak Danie Nortjé by 082 446 4890

- **Gemeente Roossenekal: Aronskelk Potjiekosfees Saterdag 4 September**
  1ste prys: Naweek vir 2 by Tilodi Wilderness Game Lodge
  2de prys: Weber-skottelbraai. Ander pryse ook
  Kontak Hennie Prinsloo by 082 494 8359 of **aronskelk@vodamail.co.za**

- **Gemeente Magaliesburg: 4-5 September Biltongfees**
  Saterdag pretdag, Sondag lof- en aanbiddingsfees
  Tiende gaan aan Doulos-armoedebediening
  Kom geniet ook die Brits Radiovlieëniers
  Kontak **gpj@vodamail.co.za**

Basaars en markte

- **Saterdag 21 Augustus: Gemeente Bronkhorstspruit geskenkemark**
  Stalletjies beskikbaar teen R150 elk
  Skakel 013 932 2929

- **Vrydag 27 tot Saterdag 28 Augustus: Gemeente Ottosdal Oesfees**
  Vrydagaand Levitikus-potjiekos
  Saterdagoggend padfietspretritte 5, 15 en 30 km
  Skopfietsies vir die kleintjies
  Bestuursvernufkompetisie, perdevertoning, poppekas
  Kontak 082 403 5051 of 018 571 0061

- **Vrydag 27 tot Saterdag 28 Augustus: Gemeente Pretoria-Oos boerebasaar**
  Delystraat 100
  Vrydagmiddag koorfees in die kerk, van 14:00 tot laat teetuin en kosstalletjies
  Saterdagoggend plaasontbyt, ander lekkernye, goedkoop vleis en vermaak
  Pretpark, wynveiling, Jakaranda Boere-orkes van 09:00 af
  Kontak **ptaoos@nhk.co.za**

- **Saterdag 28 Augustus: Gemeente Mafeking Ommi Wêreld-basaar**
  Kontak Johan of Rika de Klerk (082 552 0237 of 079 526 1443)

- **Saterdag 28 Augustus: Gemeente Primrose basaar met antieke tema**
  Kom kyk na trourokuitstalling met rokke van vroeë 1960's tot nou
  Buitestalletjies beskikbaar
  Vir meer inligting kontak Annatjie Els by 011 828 1649 of 083 360 2692

- **Vrydag 3 September: Gemeente Swartkop Vrolikenotemusiekbasaar**
  Begin om 15:00 en word afgesluit met gemeente-ete
  Kevin Leo en Ilse van der Merwe reël program met saamsingmusiek
  Vir die dapperes is daar geleentheid om self te sing
  Kontak Adriaan Roets by 012 654 4290 of 083 232 4424

- **Vrydag 3 en Saterdag 4 September: Gemeente Witfontein**
  7de Delwersfees
  Delf vir prysgeld van R32 500 kontant
  Kontak Dries Joubert (082 581 2142) of Ferdie Lubbe (082 552 3944)
  of Jimmy Manders by **jtmanders@icon.co.za**

- **Vrydag 3 en Saterdag 4 September: Gemeente Brackenhurst basaar**
  Vrydagaand potjiekos vanaf 18:00, om 20:00 Countdown to the Red Carpet
  Kaartjies teen R50 by kerkterrein beskikbaar
  Saterdag vanaf 09:00 basaar, stalletjies te huur teen R150
  Skakel Nadia by 071 893 9046

- **Vrydag 3 en Saterdag 4 September: Gemeente Tzaneen Willewestekarnaval**
  Begin Vrydag om 12:00, vlotoptog 15:00, aandete en vertoning deur Martino en plaaslike kunstenaars
  Saterdag vanaf 08:00 ontbyt, unieke kwekery met broodbome, tuisgebak
  Rooirokbokkies-naaldwerkstalletjie, groot pryse te wen
  Kontak Emmarentia by 015 307 4508 of ds Richard van der Westhuizen
  by 072 144 7514 of **nhkerktzn@mweb.co.za**

- **Saterdag 4 September: Gemeente Bothaville Lentebasaar**
  Ry 'n rodeobul, bewonder 20 *streetrods*
  10:00 Ebi Wouters, 11:00 veiling, 13:00 wynveiling
  Kontak 056 515 2673 of **doutie@vodamail.co.za**

- **Saterdag 4 September: Gemeente Ventersdorp basaar**
  Pretritte met veteraanmotors – geen inskrywingsfooi
  Kontak Mario Röscher by 083 566 4351

- **Saterdag 4 September: Gemeente Magaliesmoot Countryfees en osbraai**
  Toegang R20 vir volwassenes en R10 vir kinders onder 10
  Kontak Elma du Plessis (082 954 7955) of Emmerentia Botha (083 243 6014)

- **Saterdag 4 September: Gemeente Welgelegen-Pietersburg basaar**
  Kontak Annatjie Sandrock by **nhk.welgelegen@absamail.co.za**
  of 015 295 5464

- **Saterdag 4 September: Gemeente Montana Verejol**
  By die hoenderhok (stalletjie) *Chick-Chicks* heerlike hoenderburgers
  By *Pannekloek* die beste pannekoeke ooit van die varsste hoendereiers
  Hanekraai Laat Waai (vroeë ontbyt), *Koekoek-tafel* (alle gebak), *Skrop-Skrop* (Tombola), *Daar's 'n hoener wat 'n eier nie kan lê* (roerbraai) en *Wille ererige goeters* (hoenderpote en Peking-eend)
  Die 3 ballerina-dominees voer *Swan Lake* op!
  Kontak Koos Stolz of Susan Bosch by 087 802 1109 of 012 567 1753
  Stuur e-pos na **nhkmontana@gmail.com**

ANDER NUUS

- **Die Moderamen** het op 12 Augustus hul laaste gewone vergadering voor die AKV gehou. Die Kommissie van die AKV hou hul laaste vergadering op 2 en 3 September. Vir ’n paar lede is dit ook die einde van ’n tweede termyn, en hulle is dus nie weer verkiesbaar nie.

- Die **Kommissie van die AKV** sal by hul vergadering op 2 en 3 September die verslag van dr Daan van Wyk (jr) en ds Etienne Fourie oor die **samesmeltingsvergadering** van die Wêreldbond vir Reformatoriese Kerke en die Reformatoriese Ekumeniese Raad behandel. Verslag daaroor sal ook aan die AKV gelewer word.

- Die redaksie van die *e-Hervormer* het besluit om nie meer **leserskommentaar** te publiseer nie. Kommentaar oor enige van ons publikasies kan na die **Gespreksforum** van die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** gestuur word. Gaan na *Praat saam* op die webblad en volg die instruksies.

- Die **opening van die SP Engelbrecht-museum** in die kerkgebou van Gemeente Pretoria vind plaas op **Woensdag 25 Augustus**. Persone wat die geleentheid wil bywoon, moet asseblief op die laatste **teen Vrydag 20 Augustus** bevestig. Kontak dr Wouter van Wyk by **wouter@nhk.co.za** of 082 339 2332.

- Ons Tuis in Riviera, Pretoria, bied **tydelike verblyf** in goed toegeruste wooneenhede teen R550 per dag vir twee persone wat deel en R350 enkel – sluit drie etes in. Navrae aan Elize Mans by **otbestuur@otmt.org** of tydens kantoorure by 012 329 3623.

- **Van der Hoff Teologiese Vereniging** verkoop dasse teen R110 elk. Kontak Lisa-Mari Swanepoel by 083 943 4561 of **lisamari.swanepoel@gmail.com**.

- Die **volgende vergaderings** vind in die komende week plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

  - Vrydag 20 Augustus: Finkom van Die Ondersteuningsraad
  - Donderdag 26 Augustus: Ons Tuis Direksie; werkswinkel van Die Ondersteuningsraad
  - Vrydag 27 Augustus: Raad van Finansies

ADVERTENSIES

MARIJA MANOR GASTEHUIS (WONDERBOOM)
Marija Manor Gastehuis is 3 km van die Hervormde Kerk in Marjoramstraat geleë
waar die driejaarlikse Algemene Kerkvergadering in September plaasvind.
Kontinentale ontbyt is ingesluit.
Buffetontbyt ook beskikbaar op aanvraag.
Veilige parkering en goeie sekuriteit.
Bekostigbare pryse.
Kontak Jolanda by 083 447 2240.
Besoek **www.marijamanor.co.za**.

VAKANSIEVERHURING
Huis met praguitsig in **Heroldsbaai** sekuriteitskompleks te huur van 1 tot 16 Desember 2010 en 1 tot 31 Januarie 2011: 3 slaapkamers, 2 badkamers, binnebraaiplek, groot stoep, ontspanningsarea, waskamer en enkelgarage. Slaap 6 tot 8 persone. Minimum verhuringstydperk 7 nagte. R950 per nag, elektrisiteit uitgesluit (koopkrag). Duvets en kussings word voorsien. Foto’s op aanvraag beskikbaar. Deposito 50% by bespreking. Skakel M van Deventer by 012 346 2653 of e-pos **interword@icon.co.za**.

Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente uitgebreide inligting oor ’n projek wil bekendstel, kan in die ***e-Hervormer*** geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie.

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan: Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; **verwysing:** u naam + **e-Hervormer Ads.** Kontak mev Oppermann vir meer inligting.

AGTERBLAD

Konteks en *Die Hervormer*

Die September 2010-uitgawes van *Konteks* en *Die Hervormer* sal gedurende die volgende week aan gemeentes gestuur word.

Die tema van hierdie uitgawe van ***Konteks*** is Koninkryktyd, met die fokus op Skepper en skepping. Die estetiese wonders wat ons in die natuur kan geniet en waarmee ons ons lewe op aarde kan verryk, is een van die grootste gawes wat God aan ons sorg toevertrou. Dit maak 'n intieme verhouding, 'n mooi verhouding met God moontlik. Die estetiese dimensie, waar dit gaan oor die mooie in God se skepping, is 'n belangrike aspek van ons verhouding met God, ons Skepper. Ons moet dus vra: Hoe gaan ons met God se skepping om? Hoe lyk ons verhouding daarmee?

In hierdie uitgawe loop die boodskap van nuwe lewe en nuut begin soos 'n refrein deur verskillende bydraes. Ons bede is dat die Algemene Kerkvergadering wat op hande is, ook vir die Kerk 'n nuwe begin moontlik sal maak: nuut in God se genade. Mag hierdie venster op ons Kerk vir almal wat inkyk, 'n mooi getuienis van ons verhouding met God uitstraal.

Die Hervormer fokus in September op missionale bediening. Dr Christo van der Merwe skryf dat ons Kerkorde apostolaat aanvaar as die werk van die hele Kerk, van elke lidmaat en elke ampsdraer. Dr Frikkie Labuschagne vertel die verhaal van Gemeente Parys se transformasie en die sukses wat hulle behaal het met hul missionale gerigtheid. Daar is ook verdere briefwisseling oor die volkskerkdebat en ter ondersteuning van basaars.

Kontak mev Susann van Zyl van die SENTIK-boekwinkel by 012 322 8885 x291 of **sentik@nhk.co.za** indien u enkelkopieë van enige van ons publikasies wil bekom. Besoek ook die webblaaie by **www.konteks.co.za** en **www.hervormer.co.za** vir meer inligting.

Daar is ook 'n volledige weergawe (met foto's) van hierdie nuusbrief beskikbaar, wat vandeesweek 331 kilogrepe groot is. Vind dié volledige weergawe by **www.hervormer.co.za**, of stuur 'n versoek na **karen@nhk.co.za** om dit weekliks te ontvang.

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Ds André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx